higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N4

(22020034)

29 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

121Q1B2029

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

NOTA: Indien meer as die vereiste getal vrae beantwoord word, sal slegs die vereiste getal vrae nagesien word. Trek alle werk dood wat nie nagesien moet word nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Al die grafieke moet duidelike byskrifte hê.
6. 'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Dit bestudeer die totale omvang van ekonomiese aktiwiteite as geheel.

A Makro-ekonomie
B Internasionale ekonomie
C Monetêre ekonomie
D Mikro-ekonomie

1.1.2 'n Oop ekonomie is een waar …

A Daar twee ekonomiese deelnemers is
B Daar drie ekonomiese deelnemers is
C Internasionale handel toegelaat en aangemoedig word
D Mense die Vryheid van keuse het

1.1.3 'n Volmaakte mark is 'n mark met …

A 'n Paar kopers en 'n paar verkopers.
B Baie kopers en baie verkopers.
C Heterogene produkte.
D Geen vryheid van toegang en uitgang nie.

1.1.4 Die aanvraagkurwe beweeg …

A Reguit afwaarts.
B Afwaarts van links na regs.
C Opwaarts van links na regs.
D Reguit opwaarts.

1.1.5 Besparing verwys na …

A Inkomste bestee
B Inkomste nie bestee nie
C B = I (Inkomste) – V (Verbruik)
D B en C

1.1.6 Totale koste verwys na …

A FC + VC
B FC – VC
C FC ÷ VC
D FC x VC

1.1.7 Een van die eienskappe van 'n onvolmaakte mark is dat …

A daar een verskaffer vir 'n spesifieke produk of diens is.
B Produkte homogeen is.
C daar baie kopers en verkopers is.
D daar geen hindernisse vir toetrede is nie.

1.1.8 Die winsmaksimaliseringspunt kom voor ….

A Waar MR = MC
B MR > MC
C MR < MC
D B en C

1.1.9 Arbeidsproduktiwiteit word beïnvloed deur …

A Inkomste
B Onderwys en opleiding
C Verskaffing
D Aanvraag

1.1.10 Die verskaffing van grond is betreklik …

A Mobiel
B Konstant
C Immobiel
D Geen van bogenoemde nie

(10 × 2) (20)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende word of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die aanvraag na kapitaal is hoër in lande met 'n goed ontwikkelde …

1.2.2 Die aanvraagkurwe het 'n … helling.

1.2.3 … is die tevredenheid wat mens ervaar as gevolg van die verbruik van goedere en dienste.

1.2.4 Die hoofdoelwit van enige winsgeoriënteerde maatskappy is wins-…

1.2.5 In 'n volmaakte mededingende mark is vervaardigers en verbruikers prys- …

(5 × 2) (10)

1.3 Kies die korrekte woord of woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die produktiewe vermoë van 'n arbeider word beïnvloed deur (tyd/gesondheid).

1.3.2 Menslike behoeftes kan in (vier/vyf) kategorieë geklassifiseer word.

1.3.3 Pryselastisiteit van aanvraag kan gedefinieer word as (%ΔQD/%ΔP/ ΔQD/ΔP).

1.3.4 Die gebruik van (voedsel/'n motor) is 'n voorbeeld van direkte verbruik.

1.3.5 Vaste koste verwys na koste wat (verander/nie verander nie) met uitset.

(5 × 2) (10)

1.4 Kies die beskrywing in KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Markaanvraag	A	waar homogene/identiese produkte verkoop word.
1.4.2	Volmaakte mark	B	getal werkers wat 'n werkgewer bereid is om in diens te neem gebaseer of verskillende veranderlikes soos lonekoers.
1.4.3	Aanvraag na arbeid		
1.4.4	Inventarisse	C	hoeveelheid goedere wat verbruikers bereid is en in staat is om te koop teen 'n spesifieke prys binne 'n gegewe tydperiode.
1.4.5	Inkomste-elastisiteit van aanvraag	D	word basies bepaal deur die prys van die finale produk
		E	rou materiaal, werk wat aan die gang is, voltooide produkte, ens.
		F	responsiwiteit van hoeveelheid goedere en dienste aangevra as gevolg van 'n verandering in die inkomste van verbruikers.

(5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die term 'markbeperkings'. (2)

2.2 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

PRYS	HOEVEELHEID AANGEVRA	HOEVEELHEID VERSKAF
10	100	20
20	80	40
30	60	60
40	40	80
50	20	100

2.2.1 Dui die ekwilibriumprys en die ekwilibriumhoeveelheid aan uit die tabel hier bo. (4)

2.2.2 Teen watter prys sal daar oortollige aanvraag wees? (2)

2.2.3 Teen watter prys sal daar oortollige verskaffing wees? (2)

2.3 Bespreek enige VYF faktore wat die aangevraagde hoeveelheid beïnvloed. (10)

2.4 Onderskei tussen 'kruiselastisiteit van aanvraag' en 'inkomste-elastisiteit van aanvraag'. (4)

2.5 Bespreek die VYF soorte elastisiteit van aanvraag. (10)

2.6 Noem enige SES faktore wat die elastisiteit van aanvraag bepaal. (6)

2.7 Dui enige TWEE verskille tussen 'makro-ekonomie' en 'mikro-ekonomie' in tabelvorm aan. (8)

2.8 Verduidelik die term 'geleentheidskoste'. (2)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die term 'verbruik'. (2)

3.2 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

GETAL APPELS	TOTALE UTILITEIT	MARGINALE UTILITEIT
1	10	10
2	18	13
3	A	6
4	28	4
5	30	2

3.2.1 Wat is utiliteit? (2)

3.2.2 Bereken die totale utiliteit wanneer 3 appels verbruik word soos aangetoon by A hier bo. (4)

3.2.3 Beskryf die term 'marginale utiliteit'. (2)

3.3 Bespreek enige VYF faktore wat huishoudings se spaar beïnvloed. (10)

3.4 Noem VIER soorte utiliteit. (4)

3.5 Beskryf enige VYF motiewe vir spaar. (10)


3.6 Dui twee verskille tussen 'korttermynkoste' en 'langtermynkoste' in tabelvorm aan. (8)

3.7 Onderskei tussen 'eksplisiete koste' en 'implisiete koste'. Gee EEN voorbeeld van elk. (8)

[50]

VRAAG 4

Bestudeer die twee grafieke hier onder en beantwoord die vrae.



4.1 Verduidelik die konsep 'volmaakte mededinging'. (4)

4.2 Watter hoeveelheid verskaf die maatskappy in P.C. teen die prys van P1? (2)

4.3 Wat gebeur met die prys in die maatskappy in P.C. wanneer die aanvraag toeneem van D1 tot D2 soos aangetoon in die bedryf in P.C.? (3)

4.4 Tussen watter pryse by die maatskappy in P.C. sal daar 'n bonatuurlike wins wees? (2)

4.5 Wat gebeur met die verskafde hoeveelheid wanneer daar 'n bonatuurlike wins is? (3)

4.6 Bespreek enige VYF eienskappe van 'n volmaakte mededingende mark. (15)

4.7 Beskryf enige VYF eienskappe van 'n suiwer monopolie. (10)

4.8 Noem TWEE hindernisse vir toetrede tot 'n monopolie. (2)

4.9 Verduidelik enige DRIE faktore van produksie. (9)

[50]

VRAAG 5

5.1 Die tabel hier onder toon die keuse van goedere aan wat vir verbruikers dieselfde utiliteit gee. Bestudeer hierdie tabel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Bevredigingspunt	Appels	Piesangs
A	14	20
B	10	26
C	9	41

(4)

5.1.1 Verduidelik die term 'onverskilligheidskurwe'. (4)

5.1.2 Bespreek die VIER eienskappe van onverskilligheidskurwes. (8)

5.1.3 Trek 'n onverskilligheidskurwegrafiek deur gebruik te maak van die inligting in die tabel hier bo. (11)

5.2 Gee VYF soorte menslike behoeftes ('human needs'). (5)

5.3 Bespreek enige VYF eienskappe van menslike begeertes ('human wants'). (15)

5.4 Onderskei tussen kapitalisme en sosialisme. (7)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou